**PASIËNTINLIGTINGSTUK**

**SKEDULERINGSTATUS: S4**

**RAN-LANSOPRAZOLE 15 kapsules/**

**RAN-LANSOPRAZOLE 30 kapsules**

**Lansoprasool 15 mg/ 30 mg**

**Bevat suiker (sukrose)**

Elke 15 mg kapsule bevat 80 mg sukrose.

Elke 30 mg **k**apsule bevat 160 mg sukrose.

**Lees die hele inligtingstuk noukeurig deur voordat jy begin om RAN- LANSOPRAZOLE te neem**

- Hou hierdie inligtingstuk. Jy sal dit moontlik weer moet lees.
- Vra asseblief jou dokter of apteker indien jy verdere vrae het.
- **RAN-LANSOPRAZOLE** is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy moenie jou medisyne met ander persone deel nie. Dit kan skadelik vir hulle wees, selfs as hulle simptome dieselfde as joune is.

**Wat is in hierdie inligtingstuk**

1. Wat **RAN-LANSOPRAZOLE** is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat jy moet weet voordat jy **RAN-LANSOPRAZOLE** neem
3. Hoe om **RAN-LANSOPRAZOLE** te neem
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om **RAN-LANSOPRAZOLE** te bewaar
6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

**1. Wat RAN-LANSOPRAZOLE is en waarvoor dit gebruik word**

**RAN-LANSOPRAZOLE k**apsules word gebruik vir die:

- korttermyn behandeling van duodenale ulkusse (sere), maagulkusse en inflammasie van die slukderm wat deur die terugvloei van maagsuur veroorsaak word.

- gelyktydige gebruik saam met gepaste antibiotika om 'n bakterie bekend as *H. pylori* te vernietig.

**RAN-LANSOPRAZOLE 15** kapsules word gebruik vir die:

- korttermyn behandeling van ligte buikongemak en vir die voorkoming van terugval van inflammasie van die slukderm veroorsaak deur terugvloei van maagsuur.

**2. Wat jy moet weet voordat jy RAN-LANSOPRAZOLE neem**

**Moenie RAN-LANSOPRAZOLE neem nie:**

- as jy allergies (hipersensitief) is vir lansoprasool of vir enige van die ander bestanddele van **RAN-LANSOPRAZOLE** (gelys in afdeling 6).
- as jy swanger is, of beplan om swanger te raak, of as jy borsvoed.
- as jy ernstige probleme met jou lewer het.
- as jy 'n middel neem wat die aktiewe bestanddeel atasanavir of nelfinavir (gebruik vir die behandeling van MIV) bevat.

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**

**Tref spesiale voorsorg met RAN-LANSOPRAZOLE:**

- as jy lae magnesiumvlakke in jou bloed het. As jy alreeds medisyne neem, [bv.'n watertablet (diuretikum), digoksien (medisyne wat gebruik word om hartversaking te behandel)] wat lae magnesiumvlakke kan veroorsaak. In hierdie geval sal jou dokter magnesiumvlakke in jou liggaam monitor voordat **RAN-LANSOPRAZOLE** aan jou voorgeskryf word.
- As jy langer as drie maande op RAN-LANSOPRAZOLE is, is dit moontlik dat die vlakke van magnesium in jou bloed kan daal. Lae vlakke van magnesium kan moegheid, onwillekeurige spiersametrekkings, disoriëntasie, stuiptrekkings, duiseligheid en verhoogde hartklop veroorsaak. As jy enige van hierdie simptome ervaar, vertel asseblief jou dokter dadelik. Lae vlakke van magnesium kan ook lei tot 'n afname in kalium- of kalsiumvlakke in die bloed. Jou dokter kan besluit om gereelde bloedtoetse te doen om jou magnesium bloedvlakke te monitor.

**RAN-LANSOPRAZOLE** word nie vir kinders aanbeveel nie.

**Lig jou dokter onmiddellik in** indien jy enige van die volgende simptome opmerk:

- ‘n onbeplande gewigsverlies
- hehaaldelike braking
- probleme om te sluk
- gooi bloed op
- jy bleek lyk en swak voel (anemie)
- jy bloed in jou stoelgang opmerk
- erge en/of aanhoudende diarree, aangesien **RAN-LANSOPRAZOLE** met ‘n klein toename in aansteeklike diarree geassosieer word.

Jou dokter kan besluit dat jy sommige toetse nodig het om kwaadaardige siekte uit te sluit omdat **RAN-LANSOPRAZOLE** ook die simptome van kanker verlig en kon ‘n vertraging veroorsaak om dit te diagnoseer. Indien jou simptome voortduur ten spyte van jou behandeling, sal verdere ondersoeke oorweeg word.

**RAN-LANSOPRAZOLE** moet nie geneem word as jou spysverteringsprobleme veroorsaak word as gevolg van ander redes soos senuweeagtigheid nie.

**RAN-LANSOPRAZOLE** kan die risiko van beenbreuke verhoog. Die risiko van beenbreuk is groter by pasiënte wat ‘n hoë dosis van lansoprasool oor ‘n lang tydperk ontvang het (langer as 1 jaar). Jou dokter sal jou aanraai om die laagste dosis vir die korste tydperk te gebruik. Indien jy ‘n risiko het vir ‘n beenbreuk, moet jy jou dokter raadpleeg vir verdere advies.

As jou dokter **RAN-LANSOPRAZOLE** aan jou voorgeskryf het saam met ander medisyne wat bedoel is vir die behandeling van *Helicobacter pylori*-infeksie (antibiotika), moet jy asseblief ook die inligtingstukke van hierdie medisyne noukeurig lees.

Indien jy **RAN-LANSOPRAZOLE** op ‘n langtermynbasis (langer as 1 jaar) gebruik, sal jou dokter waarsynlik gereeld toesig oor jou hou. Jy moet enige nuwe of uitsonderlike simptome en omstandighede aanmeld wanneer jy jou dokter sien.

Behandeling met **RAN-LANSOPRAZOLE** kan tot ‘n verhoogde risiko van infeksies in die maag en ingewande lei. Dit kan jou risiko verhoog om ernstige diarree te ontwikkel. Hierdie diarree kan deur ‘n infeksie (*Clostridium difficile*) in jou ingewande veroorsaak word. Kontak jou dokter dadelik as jy ‘n waterige stoelgang, maagpyn en koors het wat nie wil verdwyn nie.

Protonpomp-inhibeerder medisyne, soos **RAN-LANSOPRAZOLE,** kan tubulointerstisiële nefritis veroorsaak wat onsteking is wat die buise van die niere en die weefsel wat dit omring affekteer. Hierdie toestand kan vorder tot

nierversaking en is nie noodwendig omkeerbaar wanneer behandeling gestaak word nie. Indien daar ‘n afname is in die hoeveelheid wat jy gewoonlik urineer of as jy bloed in jou urine het, moet jy jou dokter onmiddellik kontak.

Indien jy **RAN-LANSOPRAZOLE** oor ‘n lang tydperk gebruik (bv. langer as 3 jaar) kan dit lei tot ‘n vitamien $B_{12}$ tekort.

As jy metotreksaat gebruik.

**RAN-LANSOPRAZOLE** kan jou lomerig maak en jou konsentrasie belemmer (sien “Bestuur van voertuie en gebruik van masjinerie”).

As jy **RAN-LANSOPRAZOLE** vir ‘n lang tydperk gebruik, kan jy ‘n risiko hê van gastroïntestinale infeksies soos Salmonella en Campylobacter.

Jou dokter kan ‘n prosedure uitvoer wat bekend is as endoskopie voordat **RAN-LANSOPRAZOLE** aan jou voorgeskryf word**.**

Raadpleeg jou dokter, selfs as hierdie bewerings op enige tydstip in die verlede op jou van toepassing was.

**Ander medisyne en RAN-LANSOPRAZOLE**

Lig jou gesondheidsorgverskaffer altyd in as jy ander medisyne gebruik. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisyne in.)

Lig jou dokter in as jy die volgende gebruik:

Warfarien of ander antistolmiddels (bloedverdunningsmiddels)

Ketokonasool, itrakonasool, rifampisien (gebruik om infeksies te behandel)

Digoksien (gebruik om hartprobleme te behandel)

Teofillien (gebruik om asma te behandel)

Takrolimus (gebruik om verwerping tydens oorplanting te voorkom)

Fluvoksamien (gebruik om depressie en ander psigiatriese siektes te behandel)

Teensuurmiddels (gebruik om sooibrand of suurterugstroming te behandel)

Sukralfaat (gebruik om ulkusse gesond te maak)

Johanneskruid (‘St John’s Wort’)(*Hypericum perforatum*) (gebruik om ligte depressie te behandel)

Metotreksaat (medisyne wat gebruik word om artritis en sommige tipes kanker te behandel)

Ampisillienesters (medisyne wat gebruik word om bakteriële infeksies te behandel)

Ysteraanvullers

Atasanavir/ nelfinavir (medisyne wat oor die algemeen gebruik word by die behandeling van MIV-infeksie).

(Sien ook 'Moenie **RAN-LANSOPRAZOLE** neem nie')

Antipirien, indometasien, ibuprofeen, of ander nie-steroïdale anti-inflammatoriese geneesmiddels (NSAIDs);

(medisynes wat gebruik word om pyn te behandel)

Orale voorbehoedmiddels

Fenitoïen (om epilepsie te behandel),

Propranolol (om hoë bloeddruk te behandel),

Diasepam (om spiere te verslap of angstigheid te behandel)

Klaritromisien (‘n tipe antibiotikum)

Dasatinib, erlotinib (om kanker te behandel).

**RAN-LANSOPRAZOLE saam met voedsel en drinkgoed**

**RAN-LANSOPRAZOLE** kan saam met voedsel of op ‘n leë maag geneem word (sien afdeling 3).

**Swangerskap en borsvoeding**

Moenie gebruik as jy swanger is of borsvoed nie.

As jy swanger is of jou baba borsvoed, vermoed dat jy swanger mag wees of beplan om ‘n baba te hê, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer raadpleeg vir advies voordat jy hierdie medisyne gebruik.

**Bestuur van voertuie en gebruik van masjinerie**

Newe-effekte soos duiseligheid, vertigo, moegheid en visuele versteurings kom somtyds voor by pasiënte wat **RAN-LANSOPRAZOLE** neem. Indien jy newe-effekte soos hierdie ervaar, moet jy versigtig wees aangesien jou vermoë om te reageer verminder kan wees.

Moenie voertuie bestuur of masjinerie hanteer of potensiële gevaarlike take uitvoer waar verlies aan konsentrasie tot ongelukke kan lei nie.

**RAN-LANSOPRAZOLE bevat sukrose**

**RAN-LANSOPRAZOLE** bevat sukrose. As jy deur jou dokter ingelig is dat jy ‘n onverdraagsaamheid teenoor sekere suikers het, moet jy jou dokter kontak voordat jy hierdie medisyne gebruik.

**3. HOE OM RAN-LANSOPRAZOLE TE NEEM**

Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.

Neem **RAN-LANSOPRAZOLE** altyd presies soos wat jou dokter dit voorgeskryf het. Jy moet met jou dokter of apteker bevestig as jy nie seker is nie.

Die gewone dosis vir volwassenes is een **RAN-LANSOPRAZOLE** 15 of een **RAN-LANSOPRAZOLE** 30 een keer per dag afhangende van die toestand waarvoor jy behandel word.

*Maagulkus*: Neem een **RAN-LANSOPRAZOLE** 30 kapsule een keer per dag vir tot 8 weke soos deur jou dokter voorgeskryf.

*Duodenale ulkus*: Neem een **RAN-LANSOPRAZOLE** 30 kapsule een keer per dag vir tot 4 weke soos deur jou dokter voorgeskryf.

*Uitwissing van H pylori:* Jou dokter sal jou aanraai om **RAN-LANSOPRAZOLE** kapsules saam met twee geskikte antibiotika te neem.

*Esofagitis as gevolg van gastro-esofageale refluks*: Neem een (1) **RAN- LANSOPRAZOLE 30** kapsule een keer per dag vir 4 weke soos deur jou dokter voorgeskryf. Jy sal gewoonlik binne 4 weke beter voel. Nietemin, afhangende van die endoskopiese uitslag, kan jou dokter besluit om die behandeling te herhaal met nog een **RAN-LANSOPRAZOLE 30** kapsule een keer per dag vir 4 weke te neem.

*Instandhoudingsterapie vir die voorkoming van gastro-esofageale refluks:* Jou dokter sal jou aanraai om voort te gaan om **RAN-LANSOPRAZOLE** 15 een keer per dag te neem vir tot vir ‘n jaar om herverskyning van jou reflukssimptome te voorkom.

*Suurverwante dispepsie*: Neem 15 mg **RAN-LANSOPRAZOLE** een keer per dag vir 2-4 weke soos voorgeskryf deur jou dokter.

Sluk die kapsule(s) heel in met ‘n glas water. Moenie die kapsuels fynmaak of kou nie. Om die beste resultate te kry, moet die kapsules altyd voor voedsel geneem word.

Om jou te help onthou om jou medisyne te neem, probeer om in die gewoonte te kom om dit op dieselfde tyd elke dag te neem.

Neem jou kapsule(s) soos voorgeskryf en vir so lank as wat dit voorgeskryf is; moenie daarmee ophou nie, selfs as jy beter voel, aangesien die simptome andersins kan terugkeer.

*As jy onder die indruk is dat die effek van **RAN-LANSOPRAZOLE** kapsules te sterk of te swak is, praat met jou dokter of apteker.*

**Spesiale doseringsinstruksies vir spesifieke populasies**

*Bejaarde pasiënte*

Geen dosisaanpassing is nodig nie. Die maksimum daaglikse dosis is egter 30 mg per dag.

*Nier- en lewerinkorting*

Geen dosisaanpassing is nodig in nierversaking nie – dit is ook van toepassing by pasiënte op dialise.

*Pediatriese populasie*

**RAN-LANSOPRAZOLE** word nie vir kinders aanbeveel nie (Sien ook **'Moenie RAN-LANSOPRAZOLE neem nie'**).

**As jy meer RAN-LANSOPRAZOLE geneem het as wat jy behoort te neem**

In die geval van oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum. Neem hierdie inligtingstuk of sommige kapsules saam met jou sodat jou dokter kan weet wat jy geneem het.

**As jy vergeet het om RAN-LANSOPRAZOLE te neem:**

As jy vergeet het om jou **RAN-LANSOPRAZOLE** kapsules op die regte tyd te neem, neem dit so gou as wat jy onthou. As dit egter amper tyd is vir jou volgende dosis, slaan die dosis oor wat jy vergeet het en gaan terug na jou normale dosisskedule. Moenie ‘n dubbele dosis neem op te vergoed vir die individuele dosisse wat jy vergeet het nie.

**Effekte wanneer behandeling met RAN-LANSOPRAZOLE gestaak word:** Moenie vroeg ophou met die behandeling nie omdat jou simptome verbeter het nie. Jou toestand mag nog nie ten volle genees het nie en mag weer voorkom indien jy nie die kursus van behandeling voltooi het nie.

**4 Moontlike newe-effekte**

**RAN-LANSOPRAZOLE** kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir **RAN-LANSOPRAZOLE** aangemeld word, is in hierdie inligtingstuk ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid versleg of as jy enige nadelige effekte ervaar terwyl jy **RAN-LANSOPRAZOLE** neem, moet jy asseblief jou gesondheidsorgverskaffer raadpleeg vir advies.

Indien enige van die volgende gebeur, staak die gebruik van **RAN-LANSOPRAZOLE** en lig jou dokter onmiddellik in of gaan na die noodgevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:

· Uitslag, galbulte, gejeuk, benoude bors, kortasemigheid of swelling van die gesig, lippe, tong, keel, hande/voete, floute,

· hoë koors,

· ernstige blasievorming op die vel, of seerheid of ulkusse in jou mond of keel.

· bloed in die urine, verhoogde of verlaagde uitset van urine; veranderinge in geestestoestand (lomerigheid, verwarring, koma),

- naarheid, braking.

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. As jy dit het, kon jy 'n ernstige reaksie teen **RAN-LANSOPRAZOLE** gehad het. Jy mag dringende mediese aandag of hospitalisasie benodig.

Lig jou dokter onmiddellik in of gaan na die noodgevalle-afdeling by jou naaste hospitaal as jy enige van die volgende opmerk:

· erge maagpyn in die boonste deel van die maag, dikwels met naarheid en braking,

· vergeling van die vel of wit van die oë of koors, uitslag, vergrote niere; somtyds met pynlike urinering en lae rugpyn,

· borskaspyn, abnormale of vinnige of stadige hartklop, hartaanval,

· ongewone kneusing of bloeding,

· herhaalde infeksies,

· beroerte, verlamming van een helfte van die liggaam,

· 'n gevaarlike afname in bloeddruk wat floute of ineenstorting kan veroorsaak,

· bloeding vanuit die maag of ingewande,

· kortasemigheid, hoes, asma, kouekoors of koors,

· braking van bloed,

· ernstige diarree gekenmerk deur waterige stoelgange, maagpyn, koors (*Clostridium difficile*-geassosieerde diarree).

· 'n aanhoudende, opgehewe, rooi, droë gedeelte op die vel van areas wat aan die son blootgestel is soos die nek, arms of borskas en rug (subakute kutaneuse lupus erythematosus).

· lae vlakke van magnesium kan waargeneem word as uitputting, onwillekeurige spiersametrekkings, disoriëntasie, konvulsies, duiseligheid, verhoogde hartritme.

· lae vlakke van kalsium of kalium in die bloed.

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. Jy mag dringende mediese aandag nodig hê.

Lig jou dokter in as jy enige van die volgende opmerk:

*Algemene newe-effekte:*

· braking, naarheid, diarree, hardlywigheid, maagpyn of krampe, droë mond of keel of seer mond of tong en koorsblare,

· veluitslag, jeukerigheid, droë vel, rooi, seer, of ontsteekte vel,

· duiseligheid, hoofpyn, moegheid, algemene onwel gevoel, oormatige of tekort aan slaap, rukking van die hande,

- veranderinge in toetsuitslae (bv. verhoogde lewerensieme).

*Minder algemene newe-effekte:*

· belemmerde of verminderde smaaksensasie; verlies van reuksensasie,

· mondsere,

· spier- of gewrigspyne,

· pyn, rugpyn, borskaspyn, nekpyn, nekstyfheid, pelviese pyn, krampe in die bene,

· sooibrand, verhoogde of verlaagde aptyt, verhoogde speeksel, dors,

· honger, slegte asem, abdominale volheid, laat winde, tongversteuring,

· verhoogde sweet, gewigstoename of gewigsverlies, geforseerde stem (heesheid),

· diabetes, tiroïedprobleme,

· aknee, galbulte, haarverlies, veluitbarstings, naelprobleme, rooi of pers kolle onder die vel, pers-gekleurde kolle en gedeeltes op die vel,

· verhoogde sensitiwiteit vir lig,

· bloeiende tandvleise, fungusinfeksie van slukderm,

· ‘n verandering in die manier wat dinge proe, ontsteking van jou tong,

· geswelde kliere in die nek, armholte of lies,

· vitamientekort, jig, dehidrasie,

· swelling van bene en hande,

· abnormale drome, opwinding, geheueverlies, angstigheid, verlies aan belangstelling of opgewondenheid, verwarring, voel afgesluit, depressie, uitermatige emosionele gedrag, verhoogde vyandigheid, ongewone ooraktiwiteit, senuweeagtigheid, rusteloosheid, geestes- of emosionele versteurings, abnormale denke,

bewerigheid en sien, voel of hoor dinge wat nie bestaan nie (hallusinasies), aanvalle, probleme met gedagtes, spraakversteuring,

· naalde en spelde-gevoel,

· ongewone spierstyfheid wat swak beheer van beweging veroorsaak, verminderde gevoel of sensitiwiteit, veral in die vel,

· verlaagde/verhoogde seksuele begeerte,

· abnormale of dowwe visie, dubbelvisie, verlies van een oog se vermoë om detail waar te neem, geswelde ooglede, geswelde waterige oë, droë oë, oogpyn, versteurde gesigsveld,

· doofheid, oorprobleme, gesuis in ore, oorinfeksie,

· versteurde menstruele siklus, pynlike maandstondes, swaar maandstondes, borspyn, teerheid van borste, borsvergroting by mans, ongewone sekresie van borsmelk,

· pynlike urinering, passeer meer urine as gewoonlik, dringendheid om te urineer, belemmerde urinering, urienretensie, infeksie van die urienweg, niersteen, pyn in die nier, nierprobleme,

· erektiele wanfunksie, penisversteuring, testisversteuring,

· vaginale afskeiding, ontsteking van die vagina,

· veranderinge in die uitslag van sekere laboratoriumtoetse (soos natrium-, cholesterol-, trigliseried-, of suikervlakke) of veranderinge in bloedseltellings.

Indien jy enige newe-effekte waarneem wat nie in hierdie inligtingstuk genoem word nie, moet jy asseblief jou dokter of apteker inlig.

**Aanmelding van newe-effekte**

Praat met jou dokter, apteker of verpleegkundige as jy newe-effekte ervaar. Jy kan ook newe-effekte aanmeld by SAHPRA *via* die "**6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form**", wat aanlyn beskikbaar is onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting oor die veiligheid van **RAN-LANSOPRAZOLE** te verskaf.

**5.Hoe om RAN-LANSOPRAZOLE te bewaar**

- Bewaar alle medisyne buite die bereik van kinders.
- Bewaar by of onder 25 °C.
- Bewaar in die oorspronklike verpakking/ houer.
- Hou die houer in die buitenste karton.

- Hou die houer dig toe.
- Moenie die stulpstrole uit die kartonne verwyder tot benodig vir gebruik nie.
- Beskerm teen lig en vog.
- Moenie in die badkamer bewaar nie.
- Moenie na die vervaldatum soos op die etiket/karton gebruik nie.
- Bring alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker toe.
- Moenie van ongebruikte medisyne in dreinering- of rioleringstelsels (bv. toilette) ontslae raak nie.

**6. Inhoud van die verpakking en ander inligting**

**Wat RAN-LANSOPRAZOLE bevat**

Die aktiewe bestanddeel is lansoprasool.

**RAN-LANSOPRAZOLE k**apsules bevat ook die volgende bestanddele:

Die kapsules bevat kolloïdale anhidriese silika, hidroksipropiel-metielsellulose, makrogol 300, metakrilliese suur-etielakrilaat ko-polimeer (1:1)-mengsel 30 %, gesuiwerde talk, gesuiwerde water, sukrose en titaniumdioksied.

Die 15 mg kapsule-dop bestaan uit 'n geel doppie/geel romp wat bestaan uit gelatien, geel-kinolien, geel-ysteroksied; titaniumdioksied.

*Drukkersink:* swart Opacode S-l-8152 HV wat bestaan uit swart-ysteroksied, skellakglasuur, sojalesitien.

Die 30 mg kapsule-dop bestaan uit 'n pers doppie/laventel romp wat bestaan uit asorubien; indigokarmyn; gelatien, titaniumdioksied.

Drukkersink: ammoniumhidroksied 2 %; etanol, isopropielalkohol, swart ysteroksied, N-butiel-alkohol; propileenglikool; gesuiwerde water, skellakglasuur.

**Hoe RAN-LANSOPRAZOLE lyk en inhoud van die verpakking**

**RAN-LANSOPRAZOLE 15:** Geel doppie/geel romp, selfsluitende harde gelatienkapsule van grootte '3' gedruk met 'L 15' op beide die doppie en romp; bevattende wit tot naaswit korreltjies.

**RAN-LANSOPRAZOLE 30:** Pers doppie/laventel romp, selfsluitende harde gelatienkapsule van grootte '1' gedruk met 'L 30' op beide die doppie en romp; bevattende wit tot naaswit korreltjies.

7 kapsules word verpak in kouevorm-stulpstroke of aluminiumstroke.

Kouevorm-stulpstroke bestaan uit 'n kouevormlaminaat met 'n rugkant van aluminiumfoelie verseël met hitte-seëllak.

Aluminiumstroke bestaan uit aluminiumfoelie gelamineer met lae-digtheid poliëtileen.

Kartonne bevat 7, 14 of 28 kapsules.

**Houer van Registrasiesertifikaat**

Ranbaxy Pharmaceuticals (Pty) Ltd

'n Sun Pharma maatskappy

Lautreweg 14, Stormill Uitbreiding 1

Roodepoort, 1724

Suid-Afrika

**Hiedie inligtingstuk was laas hersien op**

03 Mei 2024

**Registrasienommers**

**RAN-LANOPRAZOLE 15:** A39/11.4.3/0251

**RAN-LANSOPRAZOLE 30:** A39/11.4.3/0252

**Ran-Lansoprazole 15**

Namibië: NS2 Reg.No.: 07/11.4.3/0034

Botswana: S2 Reg No.: BOT0701091

**Ran-Lansoprazole 30**

Namibië: NS2 Reg.No.:07/11.4.3/0035

Botswana: S2 Reg No.:BOT0701092